

19 Maart - EEN

Skrifgedeelte: Genesis 2:15-24 (NAV)

Fokusgedeelte: Genesis 2:18

Wanneer is *een* goed, en wanneer is *een* sleg? Ons lees in Genesis 2:18: Adam was een en toe is hy alleen. Eensaam. Die Here beoordeel self dat dit nie goed is nie. Hy gee hom toe 'n maat wat hom kan help, en toe is hy nie meer alleen nie, nie meer eensaam nie.

Tog lees ons dat die mens en sy vrou ook *een* was. 'n Ander soort *een* – 'n goeie *een*. Daar was 'n *eenheid* tussen hom en sy vrou. Hulle het saam gewerk deur saam die tuin van Eden te bewerk en te bewaak. Saam het hulle ook met die Here geloop teen die tyd wat die aandwindjie opkom.

Die sondeval het egter alles laat ontaard. Daarom kan daar ook 'n slegte/negatiewe *een* tussen baie mense wees. Dit is wanneer daar nie harmonie is nie. Dit is onenigheid – wanneer mense nie meer in eenheid kan saamleef nie. Eenheid is verwoes deur die sonde. Die mens kon toe nie meer saam met God lewe soos voor die sondeval nie, en vlug van God af weg. Hy kon ook nie meer in liefde saam met sy vrou/medemens lewe nie. Nie net die eenheid tussen God en mens nie, maar ook tussen mens en mens, en selfs tussen mens en natuur bly in die slag toe die eenheid met God verbreek is.

Eenheid is egter deur Jesus Christus herstel. Eerstens met God: nou is die mens selfs as hy alleen/een is, nie meer eensaam nie. Hy het vrede met God. God is weer by hom.

Daardie vrede bring ook eensgesindheid/vrede met sy medemens. Hy kan ook weer in vrede met hulle lewe. By die één met God en die één met mekaar is daar ook seën. Psalm 133 sê:

*Waar broers saam woon, as hulle eensgesind is,
as hulle saam in liefde heg verbind is,
hoe goed is dit, hoe mooi geaard ...*

Begin vandag weer om in eenheid met God en ander mense te lewe.

Sing: Psalm 133 (2001)

Ds L Vogel (Walvisbaai)